

1 Mei 2021

Johannes 1:29-51

Oordenking: Jesus roep Sy eerste dissipels. (Johannes 1:35, 36)

Hierdie nuwe dissipels het vir Jesus verskillende name gegee: Lam van God, Rabbi of Leermeester, Messias, Seun van God, Koning van Israel. Namate hulle Hom beter leer ken het, het hulle Hom ook al hoe meer waardeer. Hoe meer tyd ons in Jesus se teenwoordigheid deurbring, hoe beter verstaan ons wie Hy is en hoe meer waardering het ons vir Hom. Al sal ons na Hom toe aangetrek word as gevolg van die dinge wat Hy ons leer, sal ons Hom uiteindelik as Seun van God leer ken. Hoewel hierdie dissipels al binne drie dae so gepraat het, sou hulle in werklikheid eers drie jaar later verstaan. Hulle moes eers deur ervaring die dinge leer waarvan hulle so vinnig met hul monde getuig het. Ons sal dalk ook vind dat dit maklik is om oor geloof te praat, maar dat ons slegs deur 'n lewe in geloof, 'n behoorlike waardering vir Christus kan ontwikkel.

2 Mei 2021

Johannes 2:1-25

Oordenking: Jesus reinig die tempel. (Johannes 2:13-16)

Die Paasfees is elke jaar by die tempel in Jerusalem gevier. Daar is van elke manlike lid verwag om dan na Jerusalem toe te gaan. Die fees het n week geduur: die Paasfees self was een dag, en die fees van die ongesuurde brode het die res van die week geduur. Die bevryding van Israel uit die slawerny in Egipte is die hele week lank gevier. Die Paasfees was vir die Jode die heel belangrikste fees in die jaar. En tog sien ons dat God se tempel tydens hierdie fees deur handelaars in 'n mark omskep word. Hulle het vergeet - of dalk het dit net nie vir hulle saak gemaak nie - dat God se huis 'n plek van aanbidding is.

As die kerk vir ons 'n plek is waar ons bloot op persoonlike of beroepsvlak mense kan ontmoet, dan is ons gesindheid verkeerd. Sorg dat jy altyd kerk toe gaan om God te aanbld.

3 Mei 2021

Johannes 3:1-21

Oordenking: Nikodemus besoek Jesus in die nag. (Johannes 3:3)

Wat het Nikodemus van die Koninkryk geweet? Uit wat hy in die Bybel gelees het, het hy geweet dat dit onder God se heerskappy was, dat dit weer op aarde gevestig sou word, en dat God se mense daarin opgeneem sou word. Jesus het vir hierdie toegewyde Fariseer gesê dat die Koninkryk vir die hele wêreld oop sou wees - nie net vir die Jode nie. Om deel daarvan te hê, moes Nikodemus hoor dat hy opnuut gebore moes word. Dit was n revolusionêre gedagte - dat die Koninkryk iets persoonliks is en nie aan volk of ras gekoppel word nie, en dat die toegangsvereiste geestelike wedergeboorte en berou is.

Jesus het later gesê dat die Koninkryk van God reeds deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees in mense se harte begin het. Dit sal finaal tot stand gebring word wanneer Jesus weer kom om die wêreld te oordeel en die bose finaal te vernietig.

4 Mei 2021

Johannes 3:22-36

Oordenking: Johannes getuig van Jesus. (Johannes 3:27, 28)

Johannes die Doper se dissipels was ontsteld omdat baie mense agter Jesus aangegaan het en nie agter Johannes nie. Dit is maklik om jaloers te raak as 'n ander se bediening baie gewild is. Ons moet egter onthou dat dit ons taak is om mense sover te kry om Jesus te volg - nie vir ons nie. Christus moet vir daardie mense al hoe belangriker word, en ons al hoe onbelangriker. Waak teen leiers wat meer klem op hulle eie prestasies laat val as op God se Koninkryk.

5 Mei 2021

Johannes 4:1-42

Oordenking: Jesus praat by die put met 'n vrou. (Johannes 4:7-9)

Hier vrou (1) was 'n Samaritaan, dit wil sê 'n lid van 'n gehate, gemengde ras, (2) sy het 'n slegte reputasie gehad en (3) sy was alleen op 'n openbare plek. Geen Joodse man met selfrespek sou onder die omstandighede met haar praat nie, maar Jesus het. Die evangelie is vir almal, tot watter ras hy of sy ook al behoort, wat sy sosiale posisie ook al is en watter sondes daar ook al in sy verlede is. Ons moet bereid wees om vir ander op enige plek en tyd van hierdie evangelie te vertel. Jesus het alle skeidsmure afgebreek om die Goeie Nuus vir almal te vertel - en ons moet Hom daarin volg.

6 Mei 2021

Johannes 4:43-54

Oordenking: Jesus genees 'n regeringsampenaar se seun. (Johannes 4:50)

Hierdie regeringsampenaar het nie net geglo dat Jesus sy seun gesond kon maak nie. Nee, hy het sy geloof getoon deur aan Jesus gehoorsaam te wees en huis toe te gaan. Dit is nie genoeg as ons net sê ons glo dat Jesus ons probleme kan oplos nie. Ons moet ook optree soos mense wat dit glo. As jy oor 'n behoefte of probleem bid, leef dan soos iemand wat glo dat Jesus kan doen wat Hy sê.

7 Mei 2021

Johannes 5:1-29

Oordenking: Die Genesing by Betesda. (Johannes 5:10)

'n Man wat vir 38 jaar nie kon loop nie, is genees - maar die Fariseërs was meer begaan oor hulle kleinlike reëls as oor die lewe en gesondheid van 'n mens. Dit is maklik om so verstengel te raak in ons mensgemaakte strukture en reëls, dat ons van die mense vergeet. Is die riglyne waarvolgens jy leef deur God of mense gemaak? Help hulle mense of het hulle onnodige struikelblokke geword?

8 Mei 2021

Johannes 5:30-47

Oordenking: Jesus is die Seun van God. (Johannes 5:41)

Wie se goedkeuring wil jy graag wegdra? Die godsdienstige leiers het baie hoë posisies beklee in Israel - maar hulle goedkeuring beteken niks vir Jesus nie. God se goedkeuring was al vir Jesus van belang was. Dit is 'n goeie beginsel wat ons kan navolg Ons het rede tot kommer as God nie ons gedrag goedkeur nie - selfs al keur die belangrikste amptenare in die hele wêreld dit goed. Maar ons kan tevrede wees as God die dinge wat ons doen, goedkeur – al keur niemand anders dit goed nie.

9 Mei 2021

Johannes 6:1-21

Oordenking: Jesus gee vyf duisend mense kos. (Johannes 6:5-7)

Jesus het vir Filippus gevra waar hulle brood kon koop. Filippus het dadelik aan die koste begin dink. Jesus wou vir hom leer dat geldelike oorwegings nie die belangrikste oorwegings is nie. Ons sal God se werk in ons lewens beperk as onself begin besluit wat moontlik is, en wat nie. Voel jy dat God wil hê jy moet die een of ander onmoontlike taak verrig? Moenie toelaat dat jou skatting van wat moontlik en onmoontlik is, jou verhinder om dit te doen nie. God kan wonderwerke doen - vertrou dat Hy al die nodige hulpbronne sal verskaf.

10 Mei 2021

Johannes 6:22-40

Oordenking: Jesus is die ware Brood. (Johannes 6:35)

Mense eet brood om hulle liggaamlike honger te stil en hulle liggame aan die lewe te hou. Ons kan onself geestelik aan die lewe hou en ons geestelike honger stil deur in die regte verhouding tot Jesus Christus te leef. Dit is nie vreemd dat Hy Homself "die brood wat lewe gee", noem nie. Ons moet brood egter eet voordat dit vir ons lewe kan gee. Net so moet ons Christus in ons lewe innooi voordat Hy vir ons geestelike lewe kan gee. Jesus het die mense wat Hom net gevolg het omdat dit vir hulle tydelike en liggaamlike voordeel ingehou het, en nie omdat hulle hul verhouding met God wou regstel nie, gekritiseer. Ons moet Christus volg omdat ons behoefte het aan die waarheid. Sommige mense gebruik godsdiens net om hulle status te verhoog, geriefliker te kan lewe, of stemme te werf. Dit is selfsugtige motiewe. Ware gelowiges volg Jesus omdat hulle weet dat Sy pad die pad van die lewe is - die pad van die ewige lewe.

11 Mei 2021

Johannes 6:41-71

Oordenking: Jesus se woorde gee die ewige lewe. (Johannes 6:67)

Daar is geen middeveg by Jesus nie. Toe Hy sy dissipels gevra het of hulle ook wou weggaan, het Hy vir hulle daardeur gesê dat hulle Hom of kan aanvaar, of kan verwerp. Hy het niemand deur die dinge wat Hy hulle geleer het probeer wegstoot nie. Nee, Hy het die waarheid verkondig. Hoe langer die mense na Jesus se ware boodskap geluister het, hoe meer het hulle in twee kampe verdeel geraak - opregte soekers wat graag beter wou verstaan en aan die ander kant daardie mense wat Jesus verwerp het omdat hulle nie gehou het van die dinge wat Hy gesê het nie.

12 Mei 2021

Johannes 7:1-31

Oordenking: Jesus by die huttefees. (Johannes 7:3-5)

Dit was vir Jesus se broers moeilik om in Hom te glo. Party van hulle het later groot leiers in die kerk geword, maar hier het hulle nog gewonder of Hy in staat sou wees om bo alle twyfel te bewys dat Hy die Messias is. Hulle het uiteindelik geglo nadat Hy gesterf en weer opgestaan het. Dit is vandag maklik om te glo, aangesien ons die volle verhaal van Jesus se wonderwerke en Sy dood en opstanding ken. Ons sit ook met bewyse van wat die evangelie honderde jare lank al in die lewens van mense doen. Moenie hierdie kans om in God se Seun te glo, by jou laat verbygaan nie.

13 Mei 2021

Johannes 7:32-52

Oordenking: Strome lewende water. (Johannes 7:40-43)

Die mense het vroeë oor Jesus gevra, Sommige mense het gevolglik in Hom geglo, terwyl ander Hom vyandiggesind was. Ander het weer gesê dat Hy nie die Messias kan wees nie, omdat Hy van Nasaret af gekom het en nie van Betlehem, die stad van Dawid nie - want volgens die profete sou die Messias daarvandaan kom. Maar Jesus is in Betlehem gebore, hoewel Hy in Nasaret grootgeword het. Ons moet ook, soos daardie mense, besluit wat ons omtrent Jesus glo. Is Hy die Seun van God, die Verlosser van die wêreld - of is Hy nie? As ons sê dat Hy wel die Seun van God is, moet ons Hom met volkome oorgawe en toewyding volg.

14 Mei 2021

Johannes 8:1-20

Oordenking: Jesus vergewe 'n vrou wat owerspel gepleeg het. (Johannes 8:7-9)

Die feit dat Jesus sê die mense moet klippe gooi, toon duidelik dat Hy nie teen die wet gekant is nie. Maar as Hy sê dat die eerste klip gegooi moet word deur iemand wat sonder sonde is, beklemtoon Hy die belangrikheid van meegevoel en vergifnis. Spreek jy gou 'n oordeel uit as iemand anders sonde doen? As jy dit doen, dan tree jy op asof jy nog nooit sonde gedoen het nie. God oordeel - nie ons nie. Ons moet medelye en vergifnis aan die dag lê.

15 Mei 2021

Johannes 8:21-30

Oordenking: Jesus se getuienis is van God die Vader. (Johannes 8:23-27)

Mense bly slawe van die sonde as hulle Christus verwerp, want dan verwerp hulle die enigste manier waarop hulle van sonde gered kan word. Ongelukkig is mense so verblind deur die waardes van die wereld, dat hulle nie die onskatbare waarde van Christus se geskenk kan raaksien nie. Waar soek jy na betekenis en waarde?

Moenie op wêreldse waardes konsentreer en die heel waardevolste van alles by jou laat verbygaan nie - moenie die ewige lewe by jou laat verbygaan nie.

16 Mei 2021

Johannes 8:31-59

Oordenking: Die Waarheid maak ons vry. (Johannes 8:32)

Jesus self is die waarheid wat ons vry maak. Hy is die bron van alle waarheid, die volmaakte voorbeeld van dit wat reg is. Hy red ons van die gevolge van die sonde, van selfbedrog en die bedrog van die Satan. Hy wys vir ons duidelik waar die pad na God en die ewige lewe is.

Jesus maak ons dus nie vry om maar te doen wat ons wil nie, maar wel vry om God te volg. As ons daarna streef om vir God te leef, sal Jesus se volmaakte waarheid ons bevry sodat ons kan wees soos wat God wil hê ons moet wees.

17 Mei 2021

Johannes 9:1-41

Oordenking: Die Fariseërs se ondervraging. (Johannes 9:13-16)

Die Fariseërs het op elke moontlike manier probeer om Jesus se genesing van die blinde man te bevraagteken. Die bewyse dat Hy hom wel genees het, was egter oorweldigend. Jesus se genesings het duidelik getoon dat Hy die Messias is. As jy na al die bewyse kyk, en jy neem die hele Nuwe Testament in ag - wie is, volgens jou, die Messias?

18 Mei 2021

Johannes 10:1-21

Oordenking: Jesus is die goeie Herder. (Johannes 10:1-5)

Skape word dikwels in die nag in 'n skaapkraal ingejaag om hulle teen die wêreld, slegte weer en wilde diere te beskerm. Grotte, geboude skure of areas wat met takke of klippe ommuur is, word as krale gebruik. Die herder het dikwels self in die kraal geslaap om sy skape verder te beskerm. Net soos die herder sy skape oppas, pas Jesus die Goeie Herder, Sý kudde op (dit is die mense wat Hom volg). As Hy na Homself verwys as die Goeie Herder, plaas Hy Hom daardeur in die posisie van God. Ons sien in Psalm 23 dat Hy as 'n sorgsame herder uitgebeeld word.

19 Mei 2021

Johannes 10:22-42

Oordenking: Jesus is die Seun van God. (Johannes 10:24)

Die Joodse leiers was op die uitkyk vir enige teken of antwoord wat vir hulle meer sekerheid oor Jesus se identiteit sou kon gee. Hulle was dus doof vir die waarheid wat Jesus self vir hulle vertel het. Hy het probeer om hulle verwronge idees reg te stel, maar hulle het eenvoudig vasgehou aan hulle eie idees omtrent die soort Messias wat God sou stuur. Mense word vandag nog deur daardie soort doof- en blindheid van Jesus af weggehou. Hulle wil Jesus op hul eie voorwaardes aanneem - hulle wil Hom nie in hul lewens hê as hulle hul lewens moet verander nie.

20 Mei 2021

Johannes 11:1-57

Oordenking: Lasarus sterf. (Johannes 11:5-7)

Jesus het hierdie familie liefgehad en dikwels by hulle tuisgegaan. Hy het geweet van hulle groot verlies, maar Hy het nie dadelik daarop gereageer nie. Hy het om 'n bepaalde rede gewag. Die tyd wat God neem om sekere dinge te doen, veral die kere wat Hy soms 'n rukkie wag, laat ons dikwels dink dat Hy nie ons gebede beantwoord nie, of dat Hy nie antwoord soos wat ons verwag nie. Maar Hy sal volgens Sy eie, volmaakte tydsbestel, in al ons behoeftes voorsien. Wag geduldig op Sy tyd.

21 Mei 2021

Johannes 12:1-19

Oordenking: Maria salf Jesus se voete. (Johannes 12:3, 5)

Nardus was 'n geurige olie wat van Indië af ingevoer is, en dit was baie duur. Die olie wat Maria gebruik het, was dus omtrent net soveel werd as 'n hele jaar se salaris. Konings is met nardusolie gesalf, dus was Maria dalk besig om haar koninklike Messias te salf. Haar optrede, en ook Jesus se reaksie daarop, leer nie vir ons dat ons die armes maar kan vergeet en vir Christus uitspattige duur dinge moet doen nie. Nee, dit was 'n besondere daad by 'n besondere geleentheid - die voorbereiding op Jesus se begrafnis, en vir almal 'n duidelike teken van geloof in die Messias. Judas kon baie uit Jesus se woorde in die situasie geleer het. Maar hy het ongelukkig nie geluister nie en sou binnekort sy Meester vir 30 silwermuntstukke verraai.

22 Mei 2021

Johannes 12:20-50

Oordenking Jesus voorspel sy dood. (Johannes 12:27)

Jesus het geweet dat Hy binnekort gekruisig sou word, en dit was vir Hom 'n verskriklike wete. Hy het geweet dat Hy die sondes van die hele wêreld op Hom moes neem, en dat Hy daardeur van die Vader geskei sou word. Hy wou graag van daardie verskriklike dood gered word, maar Hy het geweet dat God Hom na die wêreld toe gestuur het om in ons plek vir ons sondes te kom sterf. Daarom het Hy nie Sy eie wil laat gebeur nie, daarom was Hy gehoorsaam aan die Vader en het Hy Hom verheerlik. Ons sal wel nooit in so 'n ontsettende situasie beland nie, maar ons word ook tot gehoorsaamheid geroep. Ons moet doen wat die Vader van ons vra, wat dit ook al mag wees, en daardeur Sy naam verheerlik.

23 Mei 2021

Johannes 13:1-30

Oordenking: Jesus was sy dissipels se voete. (Johannes 13:1-17)

Jesus was die volmaakte dienskneg en Hy het vir Sy dissipels gewys wat Sy gesindheid is. Die diensknegte van die huis moes altyd gaste se voete was as hulle daar aankom. Maar Jesus het 'n handdoek om Hom vasgemaak en sy dissipels se voete gewas - net soos die nederigste van alle diensknegte sou maak. As Hy, wat God is, bereid is om op so 'n nederige manier te dien, dan moet ons, sy volgelinge, ook bereid wees om in nederigheid te dien en God só te verheerlik. Is jy bereid om Christus se voorbeeld van diensbaarheid te volg? Wie gaan jy vandag dien?

24 Mei 2021

Johannes 13:31-14:14

Oordenking: Jesus is die weg na die Vader. (Johannes 14:4-6)

Dit is een van die heel belangrikste en mees grondliggende dele in die Skrif. Die vraag hier is hoe ek God kan vind? En die antwoord is baie eenvoudig: slegs deur Jesus. Jesus is die Weg, want Hy is God én mens. Wanneer ons lewens met Syne verenig, dan word ons ook met God verenig. Vertrou dat Jesus jou na die Vader toe sal neem, dan sal jy al die voordele geniet wat kind van God kan geniet.

25 Mei 2021

Johannes 14:15-31

Oordenking: Die Voorspraak (Johannes 14:15, 16)

Die dissipels was seker stomgeslaan, want hoe kon Jesus dan van hulle af weggaan, maar nog steeds by hulle bly? Die Voorspraak, die Gees van God self, sou vir hulle kom sorg en hulle lei wanneer Jesus weg is. Dit het op Pinkster gebeur, kort nadat Jesus opgevaar het na die hemel. Die Heilige Gees is God se teenwoordigheid in alle gelowiges en Hy help ons om te leef soos wat God wil hê ons moet leef.

26 Mei 2021

Johannes 15:1-27

Oordenking: Die Wingerdstok en die lote. (Johannes 15:1)

Christus is die Wingerdstok en God die Tuinier wat sorg dat die lote vrug dra. Almal wat sê dat hulle volgelinge van Christus is, is die lote. Die ware gelowiges wat in Christus lewe en vrug dra, is die vrugbare lote. Maar diegene wat nie vrug dra nie, sal van die Wingerdstok afgesny word. Dit is die mense wat leë beloftes gemaak en toe weer van Christus afvallig geraak het. Hierdie onvrugbare volgelinge beteken net so min as die dooie lote, daarom sal hulle afgesny en weggegooi word.

27 Mei 2021

Johannes 16:1-33

Oordenking: Die belofte van die Heilige Gees. (Johannes 16:1-16)

In hierdie laaste oomblikke saam met Sy dissipels, het Jesus (1) hulle teen verdere vervolging gewaarsku, (2) vir hulle gesê waarom en waarheen Hy gaan en ook wanneer Hy gaan, (3) hulle verseker dat hulle nie alleen sou wees nie, maar dat die Heilige Gees na hulle toe sou kom. Hy het geweet wat voorlê en Hy wou nie hê dat hulle geloof moes wankel of vernietig moes word nie. God wil hê jy moet weet dat jy nie alleen in die wêreld is nie. Die Heilige Gees is daar om jou te vertroos, te leer en te help.

28 Mei 2021

Johannes 17:1-26

Oordenking: Jesus bid vir Sy volgelinge. (Johannes 17:21-23)

Die groot begeerte wat Jesus vir Sy dissipels gehad het, was dat daar eenheid onder hulle sou wees. Daarom bid Hy vir eenheid onder hulle - eenheid wat gegrond is op Sy eenheid met die Vader. Daar kan eenheid onder Christene wees, as hulle verenig met God lewe. Dra jy by tot die eenheid van die kerk, die liggaam van Christus? Jy kan vir ander Christene bid, skinderstories vermy, ander opbou en op 'n nederige manier saam met ander werk. Jy kan ook van jou geld en tyd vir Sy werk gee, Christus verheerlik en weier om in argumente oor onbelangrike dinge betrokke te raak, want daardie soort argumente bring verdeeldheid.

29 Mei 2021

Johannes 18:1-24

Oordenking: Jesus word gevange geneem. (Johannes 18:10, 11)

Petrus het sy swaard uitgetrek en die hoëpriester se slaaf aangeval in 'n poging om Jesus te beskerm. Maar Jesus het hom beveel om sy swaard terug te sit en God se plan ongehinderd te laat voortgaan. Die versoeking is soms groot om sake in eie hande te neem en dinge vinniger te laat gebeur. Maar ons moet God se planne in Sy hande laat. Dink net - as Petrus toegelaat is om voort te gaan, sou hulle Jesus nie gekruisig het nie, en dan sou God se verlossingsplan beëindig gewees het.

30 Mei 2021

Johannes 18:25-19:16

Oordenking: Die mense eis dat Jesus gekruisig word. (Johannes 19:15)

Die Joodse leiers was so desperaat om van Jesus ontslae te raak, dat hulle uitgeroep het: "Ons het nie 'n koning nie; ons het net die keiser" - en dit ondanks hulle diepgewortelde haat vir die Romeinse owerheid. Hoe ironies is dit tog dat hulle met Rome saamgestem het, maar hulle eie Messias verwerp het! Die priesters het voorwaar geen bestaansreg meer gehad nie, want in plaas dat hulle mense na God gelei het, het hulle trou aan Rome gesweer sodat hulle Messias gekruisig kon word. Verder het hulle ook nog die volk aangemoedig om hulle te steun en deel te hê aan hierdie ontsettende sonde.

31 Mei 2021

Johannes 19:17-42

Oordenking: Jesus word begrawe. (Johannes 19:38-42)

Josef van Arimatea en Nikodemus het Jesus albei in die geheim gevolg. Hulle was bang om dit openlik te doen, omdat dit hulle posisies in die gemeenskap in gevaar kon stel. Josef was 'n leier en 'n gesiene lid van die Joodse Raad. Nikodemus, wat ook 'n raadslid was, het in die nag na Jesus toe gegaan en later probeer om Hom voor die ander godsdiensteleiers te verdedig. Maar nou stel hulle hul posisies openlik in gevaar as hulle Jesus gaan begrawe. Glo jy ook in die geheim? Steek jy jou geloof vir jou vriende en kollegas weg? Dan is dit nou tyd om uit jou wegkruipplek uit te kom en jou geloof vir almal te wys.